**Nou's dit ons beurt om die moed te hê om ons skuld aan die kampvegters van 16 Junie terug te betaal**

**Thuli Madonsela***

Vir ons demokrasie en die vryheid wat ons geniet, hoewel nog nie volledig nie, is ons straks die grootste dank verskuldig aan die kinders en jongmense van hierdie land.

Dit was hulle onverskrokke konfrontasie met die magtige apartheidstaat wat weer krag gesit het in die ruggrate wat deur die Sharpeville-slagting en die verbanning van die bevrydingsbewegings in die 1960's verswak is.

Dit was hulle waagmoed én die martelaarskap van sommige, waaronder die 12-jarige Hector Pieterson, wat nuwe lewe geblaas het in die wêreldwye solidariteitsbeweging teen apartheid.

Maar het ons genoeg eer aan hierdie kinders bewys? Het ons seker gemaak dat hulle, of ten minste hulle nageslag, dít geniet waarvoor hulle hul lewens gewaag het?

Daardie oggend van 16 Junie was ek 'n 13-jarige kind. Hoewel ek jonk was, en beskerm deur afstand waar ek in naburige Swaziland (nou Eswatini) skoolgegaan het, het ek en baie ander kinders in 1976 die verplettering ervaar van die skokkende slagting van ons portuur én jonger deur die veiligheidstroepe van die apartheidsregering.

Terug by die huis daardie Augustus-vakansie was die atmosfeer in die strate stil gespanne en was die skok nog duidelik voelbaar. Nou, jare later, besef ek dat dit 16 Junie was wat my van my Sewendedagadventistiese onskuld as kind beroof het. Dit was toe dat ek die rede vir die gewapende stryd begin verstaan het.

**Die vonk agter die onluste van 16 Junie**

Die Nasionale Party se besluit om Afrikaans as onderrigtaal in Afrikaskole af te dwing was nie die ergste element van die stelsel van onteiening waaraan ons, ons ouers en voorouers onderwerp is nie. Dit was bloot die druppel wat die emmer laat oorloop het vir die kinders en jongmense van daardie tyd.

Die berugte apartheidsmasjinerie is in 1948 losgelaat en het op 16 Junie 1976 kookpunt bereik ná jare se onteiening, ontneming en onderdrukking ingevolge die wette van kolonialisme. Dié wandade is gepleeg in apartheidstyl, maar is nooit so genoem nie.

In haar boek *Apartheid: Britain's Bastard Child* beskryf Helene Opperman Lewis die wette van onteiening, ontneming en onderdrukking waaraan Afrikane nog lank vóór die Unie van Suid-Afrika onderwerp is.

Onder dié wette was die Glen Grey-wet van 1894, wat nie net grond gesteel het nie, maar ook perke gestel het aan die hoeveelheid vee wat Afrikane kon besit. Dít is gevolg

deur die Wet op Grond van 1913, wat Afrikane met minder as 8% van die land se grond gelaat het.

Gedwonge verskuiwings ingevolge verskeie instrumente het die hele apartheidsera deur voortgeduur en het uitgeloop op die wrede Groepsgebiedewet van 1950, wat onteiening tot en met die 1980's gemagtig het. Toe die kinders en jongmense dus in 1976 in opstand kom, was gedwonge verskuiwings en onteiening steeds volstoom aan die gang.

Die narratief konsentreer dikwels net op grond. Maar hoewel grond belangrik is, was dit nie ál wat met behulp van die wet gesteel is nie. Daar is ook beslag gelê op kommersiële bates soos winkels en handelsentrums, soos wat Konstitusionele Hof-regters dit al beskryf het, veral regter Froneman in *Daniels vs Scribante*.

Huise is gekonfiskeer en met kleiner, minderwaardige huise vervang, en gesinne is uitmekaargeskeur. Ook die Wet op Grond van 1913 het nie net grond gesteel nie; dit het huise en weivelde afgeneem én Afrikane se vryheid om as deelsaaiers te werk. Sodoende is alle swart deelsaaiers wat, hoewel hulle van hulle grond ontneem is, hardwerkend genoeg was om 'n goeie bestaan te maak, eensklaps geproletariseer. Hieroor het Sol Plaatje in 1916 die eerste keer geskryf in sy *Native Life in South Africa*, 'n rouklag wat 'n mens bybly, waarna Charles van Onselen dit ook in *The Seed Is Mine* aangeroer het.

In my klasse oor sosiale geregtigheid ingevolge die Grondwet gebruik ek die beeld van 'n 'gemanipuleerde Monopoly-spel' om die omvang van die onteiening en die gevolge daarvan te probeer verduidelik.

By die generasie van 1976 het die woede reeds vlak gelê omdat hulle onder die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 moes skoolgaan. Dié wet was bedoel om hulle vir permanente onderdanigheid aan witmense voor te berei in 'n ekonomie waar bestuurs-, professionele en ambagsposte ooreenkomstig die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 en die Wet op Werkreservering van 1926 reeds vir witmense opsygesit was.

Gevolglik is hulle ontneem van die vaardighede om hulle eie werk te skep, soos wat mense soos Charlotte Maxeke, AB Xuma, Pixley ka Isaka Seme en Sol Plaatje onder andere kon doen. Dit was die laaste spyker in die doodskis om van ons 'n permanente proletariaat te maak – gebou om onder wit toesig te werk, maar nie om ooit te regeer of te lei nie. Hulle het dit 'afsonderlike ontwikkeling' genoem. Tog was daar nóg afsondering nóg ontwikkeling vir swartmense: Hulle is verplig én geprogrammeer om in wit huise, op wit plase en in wit fabrieke te werk en geen verdere vermoë te ontwikkel as om onder wit voogdyskap te funksioneer nie.

Die Verenigde Nasies het nie dié storie geglo nie en apartheid ná die Sharpeville-slagting tot 'n misdaad teen die mensdom verklaar. Die kinders en jongmense van 1976 het ook nie vir die slenter geval nie. Vir hulle was dit tot hier toe en nie verder nie. Hulle het

verklaar dat hulle, nes alle ander kinders, die reg gehad het op gelyke geleenthede om tot hulle volle menslike potensiaal onderrig te word.

**Die duur verworwe keerpunt**

In die weke daarna het begrafnisse saamtrekke geword, en was die byeenkomste ná die tyd geleenthede vir *umhabulo*, oftewel kritiese bewusmaking.

Op 13 was ek geen leier nie; ek was net nóg een in die skare, met 'n hart wat wild geklop het van vrees en woede, en wat soos baie ander my gesig verberg het sodat my foto nie gepubliseer sou word nie – die veiligheidstroepe het immers die koerante dopgehou.

Die demokrasie wat in 1994 aangebreek het, was nie 'n geskenk nie; dit was 'n duur verworwe ooreenkoms. Die prys het die martelaars van 1976 ingesluit, sowel as talle lewens wat in ballingskap geleef moes word, soos die bekende Struggle-lied dit beskryf: *Sabashiy'abazal'ekhaya saphuma sangena kwamanye amazwe lapho kungazi khon'ubaba nomama slande'inkulululeko*. ('Ons het ons familie agtergelaat, ons het na vreemde lande gegaan, na plekke waar niemand ons pa's en ma's geken het nie, om na vryheid te gaan soek.')

Die Grondwet wat gevolglik aanvaar is, was 'n revolusie op papier, 'n bloudruk om eeue van noukeurig ontwerpte ongelykheid ongedaan te maak in die strewe na substantiewe gelykheid en sosiale geregtigheid – mits dit behoorlik toegepas word.

Die revolusionêre krag van die Grondwet was al in verskeie uitsprake van die Konstitusionele Hof te sien. Twee wat uitstaan, is *S vs Makwanyane*, wat nie net die doodstraf afgeskaf het nie, maar ook die ubuntu-waardestelsel as die grondslag van die nuwe grondwetlike demokrasie bevestig het, en *Minister of Finance vs Van Heerden*, wat dit duidelik gemaak het dat die grondwetlike belofte van gelykheid betekenisloos sal wees as daar nie regstelling kom van die strukturele ongelykheid wat deur die wetlike onreg van die verlede veroorsaak is nie.

**Het ons sommige agtergelaat?**

Vyftig jaar later ís dit so dat baie van die kinders en jongmense van 1976 baat gevind het by veral veteraansondersteuning, die land se enorme maatskaplike steunstelsel, en sakebystand.

Maar het ons die apartheidstrukture van uitsluiting vir álmal afgebreek?

Beweeg ons op betekenisvolle maniere nader aan Nelson Mandela se visie dat ons sal weet ons het die nalatenskap van apartheid oorkom wanneer 'n apartheidsplaaswerker se dogter uiteindelik dieselfde geleenthede as die boer se seun het?

Waarom skop party studente hulle studie op as gevolg van finansieringstekorte, of gradueer hulle met berge studieskuld wat hulle onderkry en gelykheid ondermyn?

Waarom sukkel baie jong swart uitvinders om finansiering te kry?

Ons moet erken dat diegene wat professionele roetes gevolg het, beter gevaar het. Vergelyk byvoorbeeld my lewe met dié van Palesa Musa, wie se onderrig tot 'n einde gekom het toe sy as 12-jarige in 1976 aangehou en gemartel is.

Dít het verhoed dat sy selfs die maklike geleenthede van demokrasie kon benut. En dit gee my, wat regte studeer het, en help skryf het aan die Grondwet en baie van die wette wat in die daaglikse lewe en sosiale verhoudinge aan die Grondwet probeer uitvoering gee, 'n voordeel.

Daarom het ons, saam met die Thumastigting en die Universiteit Stellenbosch, besluit op die naam 'Musaplan vir Sosiale Geregtigheid' vir 'n Marshallplan-tipe proses om die dralende, hardnekkige rassestratifikasie in ons land en sy ekonomie te beëindig – 'n proses waarvoor ons as kampvegters optree. Die inisiatief is bedoel om mense soos Palesa Musa te onthou en 'n verskil in hulle lewens te maak. Die Thumastigting ondersteun Palesa Musa ook finansieel sedert sy in 2017 op Konstitusieheuwel by 'n gespreksgeleentheid van die stigting ontdek is.

Is partye wat vir werkskepping vra, maar nie van plan is om gelykheid en insluiting in alle aspekte van die ekonomie te verseker nie, enigsins ingestel op die generasie van 1976 se verwerping van 'n lewe van knegskap?

En wat van die miljoene wat in korrupte sakke beland? Kon dit nie 'n groter verskil gemaak het nie?

Wanneer ek beleidskrifte oor transformerende regering opstel of klasse oor grondwetlike regering, etiek en sosiale geregtigheid aanbied, bly ek bewus van die groot dank wat ek verskuldig is aan die kinders wat dit in 1976 gewaag het om die magtige apartheidstaat te konfronteer. Ek bly ook bewus van hoe my lot verbeter het as gevolg van hulle daad van dapperheid en hoop.

Nou is dit ons beurt om die moed te hê om daardie skuld terug te betaal.

Hierdie oortuiging is een van die redes vir die veldtog #Action4Inclusion, wat wil keer dat studieskuld toegang tot tersiêre onderwys verhinder. Dít is slegs moontlik met transformerende regering wat herstellende geregtigheid insluit en alle mense ontmoet waar hulle is.

***Prof Thuli Madonsela is die direkteur van die Sentrum vir Sosiale Geregtigheid aan die Universiteit Stellenbosch, waar sy die Regsfakulteitstrust se leerstoel in sosiale geregtigheid beklee. Sy is ook die stigter van die Thumastigting.**